



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
Afdeling A – Letterkunde (60 punte)
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (40 punte)
 3. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 5. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 6. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

AFDELING A LETTERKUNDE



INSTRUKSIES VIR AFDELING A


1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.

BEPLANNING (*Vir paragrawe en ander skryftake*)

1. Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel, paragraaf of ander skryfstukke** te beplan voordat jy dit neerskryf.
 - (a) Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.
 - (b) *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*
2. Let op die punttoekenning tussen hakies by elke vraag.
3. Skryf die getal woorde aan die einde van Vrae 2, 4, 5 en 6 neer OF elke vraag waar die getal woorde gespesifiseer word.

VOORBEELD:

<p>BEPLANNING</p> <p>(linkerkantse bladsy)</p>  <p>(Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie)</p>	<p>VRAAG 5</p> <p>(regterkantse bladsy)</p>  <p>(Bv. 205 woorde)</p>
---	--



HOOPVOL – Derick van der Walt

Daar is vier vrae oor *HOOPVOL*. Beantwoord al vier hierdie vrae.

VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksels en voer dan die opdrag uit.

TEMA

Nathalie se lewenspad

[Tafelberg Uitgewers 2012]

Maar dalk is die ou vrou reg, dink sy terwyl sy haar trui stywer om haar toetrek terwyl sy by die hotel se voordeur uitstap.

Sy kyk na die son wat 'n rooi streep om die Karookoppies in die weste trek. Die straat is stil. Ná ses is dit televisie en goedkoop wyn vir die meeste inwoners van Hoopvol. Dan ry mense eintlik nie meer in die dorp rond nie. Vir die handvol bevoorregtes wat teen Mielie-se-kop aan die regterkant van die dorp bly, dalk whiskey of 'n ordentlike rooiwyn uit die Kaap. Maar vir hulle gewone mense: net nog 'n dag voordat alles môre weer van voor af begin.

[bl. 11]

Opdrag: Beantwoord die volgende vrae:

- 1.1 Gee twee redes waarom Nathalie Hoopvol so graag na matriek wou verlaat het? (2)
- 1.2 Waarom het tannie Lettie gevoel dat Nathalie dankbaar moes wees dat sy 'n werk gehad het? (1)
- 1.3 Waarom moes Nathalie 'n ruk lank by juffrou September gaan werk het? (1)
- 1.4 Noem een aspek van die werk by juffrou September wat vir Nathalie 'n uitdaging was? (1)
- 1.5 In Hoopvol het Nathalie soms konflik met ander mense ervaar.

Teken die volgende tabel in jou antwoordboek oor en gee die rede vir die konflik wat Nathalie met elk van die karakters ervaar het.

KARAKTER	REDE VIR KONFLIK
Sakkie	
Mev. Chalmers	
Tannie Lettie	
Verkoopsagente	

(4)

- 1.6 Waarom het Nathalie Hoopvol uiteindelik verlaat? (1)

Sy vat 'n slukkie wyn. "Dit was maar net 'n vreeslike gemors. Dit is eintlik 'n aaklige storie, Ben. Ek weet nie waar om te begin nie."

"Jou ma is net na jou pa hier weg met die trein Johannesburg toe," sê oom Sakkie.

[bl. 224]

- 1.7 Waar was die woonstel waarin Nathalie gebly het toe sy in Johannesburg aangekom het? (1)
- 1.8 Met wie het Nathalie uiteindelik getrou? (1)
- 1.9 Waarom het Nathalie se huwelik nie uitgewerk nie? Gee twee moontlike redes. (2)
- 1.10 Hoe is Nathalie en Bobby tog op 'n manier aan die einde van die verhaal herenig? (1)
- [15]**

VRAAG 2

- 2.1 Die liefdesverhouding tussen Bobby en Nathalie het 'n ongelukkige en tragiese einde/uiteinde.

Gebruik die diagram en skryf 'n paragraaf van tussen 80 en 120 woorde oor:

Die tragiese liefde tussen Nathalie en Bobby

- | | | |
|----------|--|-----|
| 1 | Waar het Nathalie Bobby die eerste keer gesien? | (1) |
| 2 | Waarom was Bobby 'n tyd lank in Noupoort? | (1) |
| 3 | Wie het Bobby van molestering beskuldig? | (1) |
| 4 | Noem drie redes waarom Nathalie gedink het dat Bobby dalk skuldig kon gewees het. | (3) |
| 5 | Noem twee dinge wat tannie Rhoda gesê het wat bewys het dat Bobby onskuldig was. | (2) |
| 6 | Nathalie het Bobby op die trein in Beaufort gesien en hom probeer roep. Waarom kon hy haar nie hoor nie? | (1) |
| 7 | Waarom het Bobby Hoopvol verlaat sonder om met Nathalie te kommunikeer? | (1) |

- 2.2 Noem twee dinge wat tannie Lettie gedoen het om die verhouding tussen Nathalie en Bobby te beëindig. (2)
- 2.3 Waarom het tannie Lettie dit gedoen? (1)
- 2.4 Gedurende die tyd toe Nathalie en Bobby saam was, het hulle oor hulle toekoms gedroom. Noem twee drome wat hulle gedeel het. (2)

[15]

VRAAG 3

Beantwoord hierdie vraag in jou antwoordboek. Skryf slegs die vraagnommer en Ben se woorde neer.

Tema: Kleynhans kom kuier op die plaas en wil graag hoor van Ben se nuwe lewe.

Opdrag:

Voltooi die gesprek tussen Ben en Kleynhans. Skryf slegs Ben se woorde neer. Laat asseblief 'n reël oop tussen elke antwoord.

- 3.1 Kleynhans: Wat is hierdie plaas se naam?
Ben: _____ (1)
- 3.2 Kleynhans: Hoe het oom Frans uitgevind dat jy in Hoopvol gearriveer het?
Ben: _____ (1)
- 3.3 Kleynhans: Wat was Helena se aanvanklike houding teenoor jou en hoekom het sy so reageer?
Ben: _____ (2)
- 3.4 Kleynhans: Watter tipe ongeluk het Charl se dood veroorsaak?
Ben: _____ (1)
- 3.5 Kleynhans: Watter langdurige gevolg het Charl se dood op oom Frans se emosionele toestand gehad?
Ben: _____ (1)
- 3.6 Kleynhans: Wat het oom Frans jou van jou pa se dood vertel?
Ben: _____ (2)
- 3.7 Kleynhans: Wat beplan jy om met jou ma se ou huis in die dorp te doen?
Ben: _____ (1)
- 3.8 Kleynhans: Waarom wil jy nie terug Johannesburg toe kom nie?
Ben: _____ (1)
- [10]**

VRAAG 4

Regdeur die verhaal is daar verwysings na hoop en wanhoop. Hoop, asook die afwesigheid van hoop, beïnvloed die toekoms van die hoofkarakters.


Kyk na die volgende voorbeelde hiervan:

- "Maar eintlik is sy nie so seker of Beaufort 'n hoopvoller plek as Hoopvol is nie." [Bl. 75]
- "Miskien het sy pa nooit by die fabriek gewerk nie. Hy weet nie wat dan nie, en hy is te bang om te hoop." [Bl. 112]

Opdrag:

Skryf 'n opstel van 250–350 woorde waarin jy die hoop-motief in die verhaal bespreek.

- Gebruik die ideekaart hieronder.
- Volg die pyltjies om jou antwoord te formuleer.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet 'n inleiding en slot (slotsom) hê.
- **Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf. Bv. 295 woorde**



Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

(4)
[20]

60 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES VIR AFDELING B**

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy beantwoord word.
3. Beplan jou skryftake voordat jy dit neerskryf.
4. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag.

LET WEL:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

VRAAG 5 DIALOOG

Situasie: Talle jongmense sal graag na hul matriekjaar verder wil gaan studeer. Ongelukkig is dit baie duur en talle studente sukkel om vir hulle studies te betaal.

Jou vriend, Karabo, bel jou om jou advies te vra. Gelukkig het jy 'n paar idees wat Karabo kan help.

In die gesprek tussen jou en Karabo gee jy die volgende inligting:

- Twee voorstelle hoe om vir die studies te betaal.
- Jou redes waarom hierdie voorstelle kan werk.
- Maniere om ekstra sakgeld as student te verdien.
- Advies oor hoe om sy finansiële sake te bestuur en om nie sy sakgeld te mors nie.

Opdrag:

Skryf die gesprek tussen jou en Karabo in dialoogvorm neer.

Onthou:

- Elke spreker moet ten minste 3 keer in die dialoog praat.
- Laat 'n reël oop tussen die spreekbeurt.
- Skryf die getal woorde neer (bv. 198 woorde).

Die inhoud van jou dialoog moet tussen 150–250 woorde lank wees.

[30]

VRAAG 6 AANLYN-ADVERTENSIE

Situasie: Die internet is 'n platform wat deur baie mense gebruik word om verskillende produkte en dienste te adverteer. Die meeste van hierdie soorte advertensies is kort beskrywings van die produk of diens wat aanlyn verskyn.



Jou ouers vra jou om 'n advertensie op die webblad van "HolidayRentals'R'Us" te plaas. Hulle wil graag hul vakansiehuis gedurende die komende Desember-vakansie verhuur.

Opdrag:

Skryf die inhoud (60–120 woorde) van die advertensie neer wat op die webwerf geplaas kan word.

Jy kan die volgende struktuur gebruik.

HolidayRentals'R'Us AANLYN!	
Titel van die advertensie	
(Inhoud van die advertensie)	

Spreek die volgende aspekte in die advertensie aan:

- Waar die vakansiehuis is.
- 'n Kort beskrywing van die akkommodasie/geriewe.
- Waarom die huis/plek 'n baie goeie plek is vir 'n vakansie.
- Hoeveel die vakansiehuis sal kos.
- Hoe julle/jou ouers gekontak kan word.

Die inhoud van jou skryfstuk moet tussen 60–120 woorde lank wees.

- *Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.*
- *Skryf die woordtelling aan die einde van die skryfstuk neer.*

[10]

40 punte

Totaal: 100 punte